Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 28 Januarie 2018 Jr. 7 Nr. 3
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Ek en my huis

Om te restart, is om seker te maak dat ons vertrekpunt reg is. Ons glo onder andere:

- dat God oor alles en almal regeer
- dat die koninkryk van God dáár deurbreek waar God se wil geskied en waar wat stukkend is, weer heelgemaak word
- dat die koninkryk van God nou reeds teenwoordig is, maar eers volheid sal bereik wanneer Christus weer kom
- dat gelowiges en die kerk geroep word om op elke terrein van die lewe na God se wil te soek en sigbare tekens van God se koninkryk op te rig: van die erediens tot by die werkplek, ontspanningsoord, gesinskring, politieke arena en in al ons verhoudinge.

Die vraag is: Is ons lewe in lyn met dit wat ons glo? Of is die volgende dalk meer waar van ons:

- Ons glo dat dit belangrik is om naam te maak en bekendheid te verkry
- Soveel besittings, rykdom as moontlik bymekaar te maak
- Om my eie drome waar te maak, al kos dit ook wat en al trap ek ook op wie.

Josua neem ‘n besluit deur onomwonde te verklaar: Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.

Om te restart is om weer duidelik en helder te kan verklaar: Ek en my huis, my vriendekring – ons sal die Here dien. Dissipelskap is om mekaar hiermee te help en hierin te begelei.

Sondag 28 Januarie

Ja Here!
Josua 24

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Paul Barnard en Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Deurkollekte: Harmony

Koffie is te koop in die Tent by die Soul Coffee toonbank. Daar is ook gratis koffie en tee by die kombuistoonbank.

Sondag 4 Februarie

Uitreikfees

Kom saam met my
Joh 21:1-19 en Matt 4:18-22

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek	Breda Ludik en Mike Burnard
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel	Breda Ludik en Mike Burnard
09:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	INcontext
19:00 Aandkerk	Eric Swanepoel

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia - behandeling in VSA
Sonja Kruger - gewas
Rehanna Nolte - beenkanker
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Johan en Engela Krüger - herstel
Rinie Victor - herstel
Daniel Benade - hartklep operasie
Toy Verster - herstel
Annalise Wiid - herstel na operasie
Suzette Retief - beroerte
Elby Meyer - kanker
Andrew King - gehospitaliseer

Rou:
Marie Dowling - ons dink aan haar familie in die tyd

Bid asseblief vir reën.

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - ch5-rATh

Wat gebeur die week:

Dinsdag 30 Januarie
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel

Donderdag 1 Februarie
08:45 Bybelstudie
18:45 Kantory oefen

Neem kennis

KOM SAAM – die geel briefie

Met die oog op die Uitreikfees volgende Sondag, nooi ons jou graag om te kyk na die spesifieke behoeftes van die projekte op die geel blaadjie, om 'n idee te gee van waar die behoeftes op die oomblik die grootste is. Kom loop deur die uitstallings volgende Sondag en kom leef jou passie, gawes, talente en liefde uit.
Helderberg Uitreik het jou so nodig. KOM SAAM!!

Twee nuwe projekte

Helderberg Uitreik het pas twee nuwe projekte geregistreer:

Die **Omonia-Helderberg** projek: Hierdie projek fokus op die ondersteuning van die Omonia-gemeente in Athene, Griekeland, wat 'n hawe bied vir vlugtelinge uit die midde-Oosterse lande wat deur ISIS geteister word. Hulle bied nie net 'n veilige hawe nie, maar bedien die vlugtelinge met kos, mediese dienste, Engelse klasse en die Woord.

Rampbestuur: Die projek is paraat om te netwerk, te ondersteun en logisties te help in geval van natuurrampe of sosiale rampe.

Die projekleier van beide projekte is Pia Nänny by pia.nanny@gmail.com

Uitreikfees: KOM SAAM!

Matt 4:19 Hy (Jesus) sê toe vir hulle:"Kom hier! Kom saam met my, en ek sal julle vissers van mense maak.,"

Ons nooi julle graag na die Fees met Mike Burnard van *INcontext Ministries* as prediker. Kom ontmoet ook die projekte en kyk hoe jy ook betrokke kan raak.

As die Here iets op jou hart lê, maar daar is nog nie so 'n bediening nie, kom gesels met Louise Theron, louise@nghelder.co.za of 021-851 5582.

Wil jy saam bid?

Dinsdagoggende van 06:00 tot 06:45 gesels en bid ons in die Tent vir ons land en gemeenskap.

Elke **2de Woensdag** (7 Februarie) in die Kapel om 8:15, bid ons saam vir ons land, kerk, gesinne en gemeenskap. Hierdie gebedsgroep is al 33 jaar aan die gang en daar is soveel getuienisse van die krag van gebed oor die jare. Ons nooi jou uit om aan te sluit en deel te word van hierdie kragtige bediening. Navrae: Chris Theron, 021-851 2828 / 074 761 7638

Getuienis oor die Here se betrokkenheid

Kersete

Dit was ons eerste Kersfees sonder Elsabé. Ons besluit om kos te maak vir 100 mense en ons nooi almal wat alleen is op Kersdag. Helderberg Gemeente was baie gaaf deur hulle kombuis en groot eetplek (die Tent) tot ons beskikking te stel. Hulle het dit ook bekendgestel in die gemeente oor twee Sondae (ek skat 2 500 mense het die uitnodiging gekry). Die uitnodiging was ook op *Facebook*. Ook in ander gemeentes is dit bekendgestel.

Ek het mense in die Gereformeerde Kerk Strand uitgenooi om te kom help. Vier gesinne het kom help! Dankie nogmaals!

Toe is dit 12:00 op Kersdag. Ons wag vir die gaste om op te daag. Raai hoeveel daag op? Net 2! En dit was twee wat persoonlik uitgenooi was. Ons was baie teleurgesteld.

Die volgende dag kontak ons Brightlights kinderhuis. Hulle sê: "Bring die kos! Ons wag vir julle!" Nadat al die kos afgelaai is, sê Chris, die huisvader: "Ons het kos gehad tot Kersdag. Die regering het nie ons gelde vir Desember oorbetaal nie. Toe het ons gebid dat die Here mense sal stuur om vir ons kos te bring!"

Die Here besluit toe dat óns daardie mense sal wees. Toe verstaan ons hoekom die genooides nie opgedaag het op Kersdag nie: Die kos was nie vir hulle bedoel nie. Dis asof die Here sê: "Gaan aan met julle plan. Ek sal MY plan op die ou-end deurvoer!"

Francois Kruger

Beroep aan lidmate:

As deel van ons kommunikasie wil ons graag ‘n foto van elke lidmaat op ons databasis plaas.

Gelukkig het ons almal “selfies”. Wees asseblief so gaaf en stuur ‘n gesig foto van jou en elkeen in jou gesin vir Grazie by ontvangs@nghelder.co.za.

So kan ons die naam by die gesig plaas wat dit weer vir die leraars en personeel makliker maak om met jou te kommunikeer.

Ons kan nie wag om jou foto te ontvang nie.

“It’s my selfie stick. But I look a lot more attractive from a distance.”

2018 het met groot opwinding, glimlagte en drukkies by **Hoop Geloofsgemeenskap** afgeskop waar ons Danie Möller as geestelike leier ontvang in ‘n uitgebreide kapasiteit en ook vir JC de Jongh (virtuele assistant van The Burgeon Group) bevestig as Gemeenskapskoördineer. Hoop Geloofsgemeenskap se hande is reeds versterk deur die samewerking van Danie en JC.

Januarie is wêreldwyd bewusmaking van

Mensehandel-maand

Mensehandel is vandag ‘n werklikheid in ons midde. Dit lyk so:

- 14 jarige kind oppad skool toe
- jongman aanvaar ‘n werksgeleentheid in ‘n ander streek om sy familie te versorg
- opgewonde student verhuis oorsee vir na-graadse studie.

Hierdie is werklike mense met werklike stories wat uit mensehandel gered is en tans in ‘n veiligheidshuis in die Wes-Kaap versorg word, nadat hulle slagoffers van mensehandel geword het en uitgebuit is.

Wees bewus wat om jou gebeur. Meld agterdogtige insidente aan by die polisie. Die gebruik van dwelms maak mense maklike teikens van mensehandelaars

Minder as 1% van slagoffers word gered, wees waaksaam.

Nuwe omgeegroep

Senior burgers (65+): Soek belangstellendes in die **ooste** kant van die Lourensrivier. Kontak Olivia Hurst by 072 687 0093 of 021-851 1320 indien jy belangstel.

Nuwe Bybelstudiegroep in Helderberg Village

Alle belangstellendes word genooi na ‘n nuwe Bybelstudiegroep Donderdae om 10:00 by Kilberry in Helderberg Village.
Eerste byeenkoms is op Donderdag 25 Januarie.
Navrae: Danie Möller (083 375 8444)

Nuwe hulp-koördineerder

My naam is Leandra Minnie, ek is van Despatch in die Oos-Kaap en ek het 13 jaar terug verhuis na Somerset Wes.

Ek het twee kinders Juan-Pierre (13) en Abigail (6), my kinders is baie na aan my hart dus was dit 'n maklike besluit vir my om korperatiewe werk te verruil vir my eie boekhou-besigheid, sodat ek my werksure rondom my kinders se skedule kan beplan.

Ek is ook deel van die Harmony-projek van Helderberg Uitreik. As enkelouer het ek baie geleer en gegroei en verstaan ek waardeur mense gaan wat hierdie paadjie loop. Ek gee om vir mense en by die Harmony-projek het ek my plekkie gevind waar ek my gawes kan uitleef en ook weer ander mense kan help wat nog stukkend is en sodoende moed gee vir die toekoms.

Hierdie jaar het ek ook by die Kleuterkerk as hulp-koördineerder betrokke geraak, omdat dit vir my en my kinders die geleentheid gee om saam betrokke te wees by die kerk. Dit is ook hier waar ons kan teruggee in tyd en gawes vir al die *blessings* wat ons as gesin die laaste paar jaar reeds ontvang het.

Sover geniet ons nog elke oomblik en hoop ek om al die maats en ouers beter te leer ken.

Verlede Sondag het ons **jeugbediening** vir 2018 begin en wat ‘n voorreg dat al ons lokale en kerk gevul was met kinders, jongmense en volwassenes wat ernstig is oor ‘n verhouding met die Here.

Vir almal betrokke by Familiebediening is dit ‘n roeping en voorreg om saam met ons ouers, die kinders geestelik te versorg. In die dienste, kleingroepe, oorslape en spesiale geleenthede bv. Pinkster word daar baie moeite gedoen met lesmateriaal en hulpmiddels. Om dit moontlik te maak vra ons vriendelik dat ouers ‘n vrywillige bydrae vir die jaar sal maak:
R100 per kind; 2 kinders R180; 3 kinders R250; 4 kinders R300.
Dié geld kan inbetaal word met verwysing Jnr. Jeug + Kind se naam by die Kerkkantoor of EFT aan:
NG Helderberg, Tjekrekeningnr. 2900 5900 94; ABSA

Baie dankie vir julle ondersteuning hiermee,
Familiebediening Bestuur

Ontmoet die Uitreikfees se prediker, Mike Burnard

Op 3-4 Februarie 2018 is dit Helderberg Gemeente se jaarlikse Uitreikfees.

Ons is bevoorreg om Mike Burnard van INcontext hier by ons te hê. Na 25 jaar diens aan die vervolgde Kerk in die Midde-Ooste, Asië, Afrika en die Sub-kontinent het Mike homself die laaste 8 jaar toegewy aan 'n nuwe inisiatief wat spesifieke tendense en wêreld gebeure binne 'n sending konteks aanspreek.

Mike gaan op Saterdag, 3 Februarie van 09:00-12:30 in die kapel met ons gesels rondom die onderwerp: Om kerk te wees in 'n veranderende konteks (gratis en almal is welkom). Die Sondag gaan al die projekspanne van Helderberg Uitreik 'n uitstalling hê; Mike Burnard gaan by die klassieke en informele diens preek; en Eric Swanepoel by die Aandkerk.

INcontext gaan ook by die tienerkerk betrokke wees. Wat 'n voorreg om in 'n veranderende konteks op 'n tasbare manier die liggaam van die Here Jesus Christus te kan wees.

Helderberg UITREIK

Harmony

Om mense te mobiliseer om draers van Christus se hoop te wees en om hoop te bring aan individue en hul kinders wat geraak word deur egskeiding en enkelouerskap, word by Harmony op die volgende maniere uitgeleef:

Die aanbied van die verskeie programme, GriefShare, DivorceCare, DivorceCare4Kids en Single&Parenting wat twee keer per jaar aangebied word. Bo en behalwe die toerusting wat die programme bied, was daar in baie gevalle ook groot noodverligting op emosionele, geestelike vlak en ook met basiese behoeftes. Dit is hier waar Harmony enkelouers kon bedien met kospakkies, klere, warm maaltye, mediese hulp, bederf-pakkies met Moedersdag en Kersfees, terapie deur maatskaplike werker en berading, lewensafrigting, aanbied van professionele hulp vir kinders met leeruitdagings, aanbied van verskeie werkswinkels, mediese hulp en hulp met skoolbenodigdhede en skoolfonds.

Harmony is ook ‘n brugbouer tussen mense in nood en donateurs wat nie op ‘n direkte manier kan betrokke raak nie.

Donderdae-aande word daar in ons heerlike fasiliteite ‘n warm en huislike atmosfeer geskep wanneer almal vooraf lekker saamkuier en ‘n lekker warm maaltyd geniet. Vriendskappe word hier gevorm wat onder “normale” omstandighede nooit sou gebeur nie. Daar word verby velkleur, kultuur, ryk-en-arm, die uiterlike en sosiale statusse gekyk; daar word met begrip en empatie na mekaar geluister. Mense en kinders wat nie meer kerk toe gaan nie, is opgewonde om Donderdae *kerk* toe te kom.

Kinders lekker aan die speel in ‘n omgewing waar hul veilig en gekoester voel

Bederfpakkies wat mense spesiaal laat voel

By Harmony word daar ‘n veilige ruimte geskep waar kinders en volwassenes met mekaar kan praat oor hul pyn en gebrokenheid. Dit is hier waar mense weer die genade en liefde van Jesus Christus ontdek, die verhouding met hul Hemelse Vader herstel word.
Die bederfpakkies wat met Kersfees, Moeders- en Vadersdag uitgedeel word, laat mense spesiaal en weer gewaardeerd voel. Mense ontdek hul gawes en kreatiwiteit en kan dit binne die projek uitleef. Hulle kom weer op ‘n plek waar dit vir hulle moontlik is om te kan gee en te kan dien.

Matteus 11:28 - *“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee”,* word by Harmony ‘n werklikheid.

In groot dankbaarheid teenoor die Here is dit ‘n voorreg om deel te kan wees van Harmony se bestuurspan: Annette Botha, Corneille Barnard, Leandra Minnie, Elsie Lubbe, Evan Marais, Charlene Witten, Sam en Lucy Olsen.

Donderdag, 15 Februarie om 17:30 begin die 1ste rondte van die jaar. Almal, ook nie-lidmate, is welkom.

Vir meer navrae oor die kursusse of om betrokke te raak kontak gerus vir Annette Botha by harmonyhelderberg@gmail.com.

DIY-oggend

Ons begin 7 Februarie met die eerste DIY-oggend vir die jaar.
Waar: Die tent
Tyd: 10:00-12:00
Wat gaan ons maak: vetplante in potjies (as jy ekstra vetplantjies het, bring asb saam)

Enige iemand wat lus is om iets te maak en lekker saam te kuier is welkom.

Donasieboks vir Helderberg Beradingsentrum is beskikbaar.

Datums vir die res van die jaar:
7 Maart, 11 April, 16 Mei, 6 Junie, 18 Julie,
15 Augustus, 19 September, 17 Oktober en
21 November.MAART. Maak ’n nota in jou dagboek.

Navrae: Meagin by die kerkkantoor 021-851 5582

Geloofoffers – wat is dit en hoe werk dit?

Baie dankie aan almal wat die afgelope jaar so getrou geloofoffers gegee het, sodat die uitreikprojekte Christus se Hoop na ’n wêreld in Nood kon dra.

‘n Geloofoffer is ‘n baie spesiale unieke ooreenkoms tussen jou en God. Dit is ’n sprong in die geloof, omdat jy God vertrou om spesiaal vir jou te sorg en aan jou genoeg te gee, sodat jy ’n projek/uitreik kan seën. Jy kan ook besluit om iets prys te gee/op te offer vir ’n jaar en dit wat jy daardeur spaar as geloofoffer te skenk.

Dit is ‘n offer aan die Here. Bo en behalwe jou **dankoffer** wat jou Bybelse verantwoordelikheid is teenoor die gemeente en noodsaaklik is vir die bedryf daarvan. **Geloofoffers vervang nooit dankoffers nie.**

Geloofoffers kan finansies, tyd, gawes of enige iets anders wees wat jy graag vir die Here wil bring volgens jou passie.

Elke projek het ‘n afsonderlike trustrekening by Helderberg Uitreik waarin die projek se geloofoffers betaal word en dit is dan slegs beskikbaar vir die bepaalde projek.

Die **‘Waar behoefte Bestaanfonds’** is vir geloofofferbydraers wat nie seker is waar die nood die grootste is nie, maar dit aan die Uitreikbestuur oorlaat om hulle geloofoffers toe te ken aan projekte wat dit die meeste benodig.

Kontak gerus vir Louise Theron by 021-851 5582 of louise@nghelder.co.za as jy eers wil gesels oor jou geloofoffer.

Geloofoffers kan per internetbankdienste, debietorders, inbetalings by die kerkkantoor en per geloofofferkoevert betaal word. Jy kan ook die SnapScan op die agterblad van die Helderstem gebruik. Merk asb duidelik vir watter projek jy dit toeken, of vir die “Waar Behoefte bestaanfonds”.

Baie dankie weereens aan ons geloofofferbydraers. Julle gawes, tyd, gebede en hulp is ‘n groot seën om Christus se Hoop na ’n wêreld in nood te dra. Mag julle geseën wees omdat julle ander so mildelik seën.

Bankbesonderhede:
Helderberg Uitreik
ABSA Helderberg
Rek 9114483080
Takkode 632005
(Merk asb die Projek se naam of WBB)

Helderberg UITREIK

Waar kan jy ‘n verskil maak?

Het jy gawe om te organiseer en orde te skep?

Vrywilligers gesoek om Familiebediening en Aanbidding te help om inventarisse op te stel van al die hulpmiddels by die bedienings.
Kontak: Annette Botha by 021-851 5582 of fbadmin@nghelder.co.za

Loop saam - Pêrelprojek

Kom maak ‘n verskil en sluit aan as vrywilliger by die Pêrelprojekspan in 2018

Ons benodig mense vir :

- **Finansiële administrasie** van die projek. Ongeveer 2 ure per week
- Die **ontwikkeling van verskeie handvaardigdede** vir skoolgaande kinders. Ongeveer 2 ure per week per groep.
- **Maandeliks voedselaankope** vir ons crèches**.** Ongeveer 4 ure per maand.

Kontak asb vir Maria Kirsten by 082 703 3742
of Frederike van Schalkwyk 076 177 6256

As jy kan lees kan jy….Uyavula

- Vreugde gee vir kinders
- Waarde toevoeg
- Liefde gee (en nóg meer terugkry)

Uyavula leesprojek vra: Kom lees asseblief ‘n storie vir ‘n halfuur per week, vir skoolkinders.
Kontak: Amanda de Villiers, 072 874 0147, manda.devilliers@gmail.com

Dag Zero

Ons rol as gemeente

Ons glo en vertrou dat God voorsien; dat God nie net gee omdat ons dit nodig het nie, maar ook omdat ons daarvoor vra; dat God ook aktief by ons teenwoordig is in tye van droogte en rampe. Ons glo ook dat God ons in tye van rampe en krisisse begelei om vir mekaar daar te wees.

Dit is nie nou die tyd om mekaar te blameer wie en wat vir die droogte en waterkrisis verantwoordelik is nie. Ons is almal saam hierin. Die waterkrisis raak ons almal en ons almal is deel van die oplossing.

Ons is alreeds in gesprekke met ander gemeentes/kerke om saam ‘n rol te speel en verantwoordelikheid te neem vir die waterkrisis - voor en na Dag Zero. Indien jy graag deel wil wees van hierdie proses, kan jy met Hannes Theron skakel.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
helderhelp@gmail.com

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*